



Ongeouditeerde tussentydse resultate

vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011



Hoogtepunte

Wesensverdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers

R2 761m

(1H11: R1 630m) **Styg met 69%**

Wesensverdienste per aandeel

166.5 spa

(1H11: 112.8 spa) **Styg met 48%**

Bedryfswins

R3 699m


(1H11: R2 323m) **Styg met 59%**

Kontant gegeneer uit bedrywighede

R3 136m


(1H11: R1 901m) **Styg met 65%**

Totale bates per segment




● Kleinhandelsaktiwiteite – huishoudelike goedere	65%
● Vervaardiging en verkryging	17%
● Logistieke dienste	8%
● Korporatiewe dienste	10%

Omset per geografiese gebied



● Europese vasteland	75%
● Suider-Afrika	14%
● Verenigde Koninkryk	7%
● Stille Oseaan	4%

Omset per segment



● Kleinhandelsaktiwiteite – huishoudelike goedere	61%
● Vervaardiging en verkryging	29%
● Logistieke dienste	9%
● Korporatiewe dienste	1%

Verkorte gekonsolideerde inkomstestaat

	Ses maande geëindig 31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	Ses maande geëindig 31 Des 2010* Onge- ouditeer Rm	% verande- ring	Jaar geëindig 30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm
Omset	37 645	16 857	123	43 040
Bedryfswins voor waardevermindering en kapitaalitems	4 475	2 772	61	6 497
Waardevermindering	(776)	(449)		(1 073)
Bedryfswins voor kapitaalitems	3 699	2 323	59	5 424
Kapitaalitems	1 (5)	4		(64)
Verdienste voor rente, dividendinkomste, geassosieerde verdienste en belasting	3 694	2 327	59	5 360
Netto finansieringskoste	(585)	(441)		(1 175)
Dividendinkomste	3	-		13
Aandeel van wins van geassosieerde maatskappye	236	24		55
Wins voor belasting	3 348	1 910	75	4 253
Belasting	(315)	(209)		(435)
Wins vir die tydperk van voortgesette bedrywighede	3 033	1 701	78	3 818
Wins vir die tydperk van beëindigde bedrywighede	-	103		1 526
Wins vir die tydperk	3 033	1 804	68	5 344
Toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy	2 907	1 668	74	5 136
Nie-beherende belange	126	136		208
Wins vir die tydperk	3 033	1 804	68	5 344
Van voortgesette bedrywighede:				
Wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	166.5	106.1	57	239.9
Ten volle verwaterde wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	150.5	102.2	47	225.8
Basiese verdienste per gewone aandeel (sent)	166.3	106.4	56	237.0
Ten volle verwaterde verdienste per gewone aandeel (sent)	150.3	102.4	47	223.4
Van voortgesette en beëindigde bedrywighede:				
Wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	166.5	112.8	48	257.7
Ten volle verwaterde wesensverdienste per gewone aandeel (sent)	150.5	108.1	39	240.5
Basiese verdienste per gewone aandeel (sent)	166.3	112.6	48	341.3
Ten volle verwaterde verdienste per gewone aandeel (sent)	150.3	108.0	39	309.6
Getal uitgereikte gewone aandele (m)	1 723	1 470	17	1 641
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele (m)	1 658	1 446	15	1 461
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers (Rm)	2 2 757	1 628	69	4 986
Wesensverdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers (Rm)	3 2 761	1 630	69	3 766
Gemiddelde valuta-omrekeningskoers (rand:euro)	10.5137	9.4495	11	9.5644

Die kapitalisasie-aandeeltoekenning op 5 Desember 2011 het 'n hersamestelling van vergelykende syfers per aandeel meegebring, wat in geen geval 'n afwyking van meer as 1.6 sent veroorsaak het nie.

* Die vorige vergelykende syfers is aangepas om beëindigde bedrywighede te weerspieël.

Bykomende inligting

	Ses maande geëindig 31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	Ses maande geëindig 31 Des 2010* Onge- ouditeer Rm	Jaar geëindig 30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm
Aantekening 1: Kapitaalitems			
<i>Van voortgesette bedrywighede:</i>			
Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(1)	(2)	(62)
Verlies met verkoop van beleggingseiendom	(4)	-	-
Wins met verkoop van beleggings en geassosieerde maatskappye	-	4	99
Omswaaiing van waardedalings/(waardedalings)	-	2	(101)
	(5)	4	(64)
<i>Van beëindigde bedrywighede:</i>			
Waardedalings	-	-	(12)
Verlies met skraping van vloot huurvoertuie	-	(3)	(10)
Verlies met verkoop van beleggings en geassosieerde maatskappye	-	(2)	(27)
Verlies met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	-	-	(6)
Wins met verkoop van beëindigde bedrywighede	-	-	1 285
	(5)	(1)	1 166
Aantekening 2: Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers			
Verdienste toeskryfbaar aan ekwiteithouers	2 907	1 668	5 136
Dividendgeregtigheid op nie-aflosbare kumulatiewe voorkeuraandeel	(150)	(40)	(150)
	2 757	1 628	4 986
Aantekening 3: Wesensverdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers			
Verdienste toeskryfbaar aan ekwiteithouers van die houermaatskappye	2 907	1 668	5 136
Aangepas vir:			
Kapitaalitems (aantekening 1)	5	1	(1 166)
Belastinguitwerking op kapitaalitems	(1)	1	(54)
Dividendgeregtigheid op nie-aflosbare kumulatiewe voorkeuraandeel	(150)	(40)	(150)
	2 761	1 630	3 766

* Die vorige vergelykende syfers is aangepas om beëindigde bedrywighede te weerspieël.

Verkorte gekonsolideerde staat van kontantvloeï

	Ses maande geëindig 31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	Ses maande geëindig 31 Des 2010 Onge- ouditeer Rm	Jaar geëindig 30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm
Kontant gegeneer voor bedryfskapitaalveranderings	4 552	2 965	6 943
Toename in voorraad	(1 082)	(792)	(827)
Toename in rekenings ontvangbaar	(1 037)	(58)	(151)
Toename/(afname) in rekenings betaalbaar	703	(214)	1 237
Veranderings in bedryfskapitaal	(1 416)	(1 064)	259
Kontant uit bedrywighede gegeneer	3 136	1 901	7 202
Netto finansieringskoste	(446)	(271)	(860)
Dividende betaal	(40)	(73)	(106)
Dividende ontvang	88	-	13
Belasting betaal	(326)	(196)	(573)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	2 412	1 361	5 676
Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	(3 415)	(1 928)	(15 100)
Netto kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite	570	964	10 307
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	(433)	397	883
Uitwerking van wisselkoersveranderings op kontant en kontantekwivalente	329	(257)	317
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	6 321	5 121	5 121
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	6 217	5 261	6 321

Verkorte gekonsolideerde staat van finansiële posisie

	31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	31 Des 2010 Onge- ouditeer Rm	30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Ontasbare bates en klandisiewaarde	38 675	16 939	35 930
Eiendom, aanleg en toerusting, beleggingseiendomme en biologiese bates	32 240	15 014	29 696
Beleggings in geassosieerde maatskappye	4 765	924	4 274
Beleggings en lenings	5 835	3 957	4 429
Uitgesteldebelasting-bates	432	633	420
Ander langtermynbates	94	65	–
	82 041	37 532	74 749
Bedryfsbates			
Voorraad	10 248	5 095	8 813
Rekenings ontvangbaar, korttermynlenings en ander bedryfsbates	13 306	10 083	11 036
Kontant en kontantekwivalente	6 217	5 261	6 321
	29 771	20 439	26 170
Totale bates	111 812	57 971	100 919
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes			
Gewone aandeelkapitaal en reserwes	38 749	23 963	33 749
Voorkeuraandeelkapitaal	4 056	1 092	4 056
	42 805	25 055	37 805
Nie-beherende belange	3 331	2 662	3 025
Totale ekwiteit	46 136	27 717	40 830
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende langtermynlaste	27 360	15 958	26 112
Uitgesteldebelasting-aanspreeklikhede	6 899	2 634	6 420
Ander langtermynlaste en voorsienings	2 969	528	2 916
	37 228	19 120	35 448
Bedryfslaste			
Rekenings betaalbaar, voorsienings en ander bedryfslaste	21 686	8 677	20 254
Rentedraende korttermynlaste	4 684	1 704	1 978
Bankoortrekking en korttermynfasiliteite	2 078	753	2 409
	28 448	11 134	24 641
Totale ekwiteit en laste	111 812	57 971	100 919
Netto batewaarde per gewone aandeel (sent)	2 249	1 631	2 056
Netto hefboomverhouding (%)	45	30	46
Sluitingswisselkoers (rand:euro)	10.5023	8.8843	9.8654

Verkorte gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

	Ses maande geëindig 31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	Ses maande geëindig 31 Des 2010 Onge- ouditeer Rm	Jaar geëindig 30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm
Wins vir die tydperk	3 033	1 804	5 344
Ander omvattende inkomste/(verliese)			
Aktuariële (verlies)/wins op vastevoordeel-planne	(32)	(1)	47
Wisselkoersverskille met omrekening van buitelandse filiale	1 566	(1 508)	1 392
Netto waarde wins/(verlies) op kontantvloeiwerskansings en ander billikewaarde-reserwes	162	(9)	(32)
Uitgestelde belasting	(36)	2	3
Ander omvattende inkomste/(verlies) vir die tydperk, na belasting	1 660	(1 516)	1 410
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	4 693	288	6 754
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers van die houermaatskappy	4 378	294	6 406
Nie-beherende belange	315	(6)	348
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	4 693	288	6 754

Verkorte gekonsolideerde staat van veranderings in ekwiteit

	Ses maande geëindig 31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	Ses maande geëindig 31 Des 2010 Onge- ouditeer Rm	Jaar geëindig 30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm
Saldo aan die begin van die tydperk	40 830	27 061	27 061
Veranderings in gewone aandelekapitaal en aandelepremie			
Kapitaaluitkering	(1 311)	(1 178)	(1 178)
Netto aandele uitgereik	1 948	996	3 938
Netto benutting van tesourie-aandele	-	352	167
(Verlies)/wins met tesourie-aandeeltransaksies na kapitaalwinstbelasting	-	(22)	153
Tesourie-aandele uitgeskakel met verkoop van filiale	-	-	471
Verandering in voorkeuraandelekapitaal en aandelepremie			
Netto aandele uitgereik	-	-	2 964
Opbrengs met verkoop van tesourie-aandele	-	50	50
Veranderings in reserwes			
Totale omvattende inkomste vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy	4 378	294	6 406
Ekwiteitsgedeelte van omskepbare effekte uitgereik na uitgestelde belasting	-	185	570
Voorkeurdividende	(37)	(41)	(89)
Aandeelgebaseerde betalings	16	59	58
Premie met verkryging van nie-beherende belange	-	-	(74)
Ander reserwebewegings	6	(5)	4
Veranderings in nie-beherende belange			
Totale omvattende inkomste/(verlies) vir die tydperk toeskryfbaar aan nie-beherende belange	315	(6)	348
Dividende en kapitaaluitkerings betaal	(2)	(25)	(24)
Ander transaksies met nie-beherende belange	(7)	(3)	5
Saldo aan einde van tydperk	46 136	27 717	40 830
Bestaande uit:			
Gewone aandelekapitaal en aandelepremie	9 111	5 071	8 474
Voorkeuraandelekapitaal en -aandelepremie	4 056	1 092	4 056
Uitkeerbare reserwes	27 146	20 843	24 271
Aktuariële winsreserwe	16	4	45
Kontantvloeiverskansings en ander billikewaarde-reserwes	94	(15)	(29)
Omskepbare en aflosbare effektereserwe	923	538	923
Buitelandse valuta-omrekeningsreserwe	936	(3 060)	(441)
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	608	593	592
Ander reserwes	(85)	(11)	(86)
Nie-beherende belange	3 331	2 662	3 025
	46 136	27 717	40 830

Segmentele ontleding

	Ses maande geëindig 31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	Ses maande geëindig 31 Des 2010* Onge- ouditeer Rm	% verande- ring	Jaar geëindig 30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm
Omset				
Kleinhandelsaktiwiteite – huishoudelike goedere	28 094	8 599	227	25 822
Vervaardiging en verkryging van huishoudelike goedere en verwante grondstowwe	13 049	10 960	19	21 017
Logistieke dienste	4 075	3 398	20	7 050
Korporatiewe dienste				
– Handelsmerkbestuur	196	167	17	341
– Beleggingsdeelname	256	173	48	433
– Sentrale tesourie, eiendomme en ander aktiwiteite	150	143	5	449
	45 820	23 440	95	55 112
Tussensegmentomset-uitskakelings	(8 175)	(6 583)		(12 072)
	37 645	16 857	123	43 040
Bedryfswins voor kapitaalitems				
Kleinhandelsaktiwiteite – huishoudelike goedere	1 860	625	198	1 554
Vervaardiging en verkryging van huishoudelike goedere en verwante grondstowwe	1 172	1 079	9	2 466
Logistieke dienste	489	422	16	835
Korporatiewe dienste				
– Handelsmerkbestuur	196	167	17	341
– Beleggingsdeelname	256	173	48	433
– Sentrale tesourie, eiendomme en ander aktiwiteite	135	196	(31)	507
	4 108	2 662	54	6 136
Tussensegmentwins-uitskakelings	(409)	(339)		(712)
	3 699	2 323	59	5 424

* Die vorige vergelykende syfers is aangepas om beëindigde bedrywighede te weerspieël.

	31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	%	31 Des 2010 Onge- ouditeer Rm	%	30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm	%
Totale bates						
Kleinhandelsaktiwiteite						
- Huishoudelike goedere en boumateriaal	63 338	65	19 221	39	57 100	65
- Voertuie	-	-	2 928	6	-	-
Vervaardiging en verkryging van huishoudelike goedere en verwante grondstowwe	16 203	17	12 333	25	14 631	17
Logistieke dienste	7 976	8	7 522	15	7 560	8
Korporatiewe dienste						
- Handelsmerkbestuur	4 663	5	3 834	8	4 447	5
- Beleggingsdeelname	3 205	3	2 566	5	2 867	3
- Sentrale tesourie, eiendomme en ander aktiwiteite	1 713	2	1 114	2	1 669	2
	97 098	100	49 518	100	88 274	100

Rekonsiliasie van totale bates volgens staat van finansiële posisie met totale bates volgens segmentele ontleding

	31 Des 2011 Onge- ouditeer Rm	31 Des 2010 Onge- ouditeer Rm	30 Junie 2011 Ge- ouditeer Rm
Totale bates volgens staat van finansiële posisie	111 812	57 971	100 919
<i>Minus: Kontant en kontantekwivalente</i>	(6 217)	(5 261)	(6 321)
<i>Minus: Beleggings in geassosieerde maatskappye</i>	(4 765)	(924)	(4 274)
<i>Minus: Belegging in voorkeuraandele</i>	(329)	(257)	(313)
<i>Minus: Belegging in PSG Groep Beperk</i>	(971)	-	-
<i>Minus: Rentedraende korttermynlenings ontvangbaar</i>	(2 302)	(1 767)	(1 495)
<i>Minus: Rentedraende langtermynlenings ontvangbaar</i>	(130)	(244)	(242)
Totale bates volgens segmentele ontleding	97 098	49 518	88 274

Geografiese inligting

	Ses maande geëindig 31 Des 2011 Onge-ouditeer Rm	%	Ses maande geëindig 31 Des 2010* Onge-ouditeer Rm	%	Jaar geëindig 30 Junie 2011 Ge-ouditeer Rm	%
Omset						
Europese vasteland	28 342	75	7 803	46	25 825	60
Stille Oseaan	1 412	4	1 241	7	2 481	6
Suider-Afrika	5 132	14	4 616	28	8 926	21
Verenigde Koninkryk	2 759	7	3 197	19	5 808	13
	37 645	100	16 857	100	43 040	100

	31 Des 2011 Onge-ouditeer Rm	%	31 Des 2010 Onge-ouditeer Rm	%	30 Junie 2011 Ge-ouditeer Rm	%
Nie-bedryfsbates						
Europese vasteland	59 227	72	19 460	52	54 256	73
Stille Oseaan	1 658	2	1 412	4	1 476	2
Suider-Afrika	15 136	19	11 296	30	13 624	18
Verenigde Koninkryk	6 020	7	5 364	14	5 393	7
	82 041	100	37 532	100	74 749	100

* Die vorige vergelykende syfers is aangepas om beëindigde bedrywighede te weerspieël.

Kennisgewing

Hierdie verkorte tussentydse finansiële resultate is opgestel onder toesig van Frikkie (FJ) Nel GR(SA), finansiële direkteur van Steinhoff.

Oorsig van resultate

Ons strategiese posisie is versterk deur die suksesvolle integrasie van die Conforama-verkryging in Europa en die herposisionering van ons Afrika-bedrywighede deur die beleggings in JD Group en KAP.



Geïntegreerde kleinhandel

Bedryfsorsig: Steinhoff Europa

Die groep het sterk finansiële prestasie in 'n uitdagende mark getoon. Hierdie prestasie is ondersteun deur die veerkragtige waarde-aanbod in ons kleinhandelsentiteite, goeie kostebeheer in die hele groep, en ons voortgesette doelgerigte beleggings in handelsmerke, produkte, infrastruktuur en eiendom.

Kleinhandelsaktiwiteite: Huishoudelike goedere

Europese vasteland

In skerp teenstelling met die makro-ekonomiese teenspoed van Europa, het ons kleinhandelsbedrywighede op die vasteland sterk groei in inkomste en wins getoon. Conforama is vir die volle oorsigtydperk ingesluit. Die vergelykende tydperk weerspieël nie 'n bydrae van Conforama nie, aangesien die verkryging eers in Maart 2011 van krag geword het.

In ooreenstemming met die strategie om op margeverbetering te fokus, het Conforama goeie resultate in vergelyking met die vorige jaar gelever. 'n Stewige prestasie in Frankryk is aangevul deur die groei in Switserland en Iberië en bevredigende prestasie elders. Omset is ondersteun deur taktiese bemaking, 'n toename in internethandel en produkveldtogte wat verkeer in winkels verhoog het. Die verhoogde verkeer is suksesvol in verkope van meer winsgewende produkreeks omskep, wat tesame met goeie kostebeheer, marges verbeter het. Ons het ons belegging in die Conforama-besigheid voortgesit deur nuwe winkels te open, en konsessienemer-ondernemings en eiendomme waarop ons handel dryf, te koop. Hierdie beleggings hou goeie belofte in vir die voortgesette sukses van Conforama.

Die veerkragtige ekonomieë van die Sentraal-Europese vasteland het ons ERM-kleinhandelondernemings in die Duitssprekende gebiede ondersteun. Groei is verder ondersteun deur die oortuigende waarde-aanbod in winkels en nuwe winkels wat geopen is. Winsgewendheid is op 'n jaar-tot-jaar-grondslag verhoog deur die groep se verkryging van die kleinhandelseiendomme in die vorige finansiële jaar. Gedurende die oorsigtydperk het ERM sewe nuwe winkels geopen, wat almal bo aanvanklike verwagtinge presteer.

Verenigde Koninkryk (VK)

Dit blyk dat ons fokus om ons toe te spits op verskaffing van 'n toepaslike waarde-aanbod aan ons sleutelteikenmark, die grootste bydrae gelever het tot die verbeterde prestasie in die VK. Die VK-kleinhandelsafdeling het aansienlik beter as die mark presteer, markaandeel, omset en winsgewendheid en het verhoog, ondanks minder handelsafsetpunte vir al die handelsmerke en 'n onderdrukte mark. Die nuwe meubelkleinhandel-bestuurspan is nou goed gevestig en die handelsmerk-rasionalisering in die kleinhandelsafdeling vir beddens is grotendeels afgehandel, wat dien as 'n grondslag vir voortgesette goeie prestasie.

Stille Oseaan

Australiese kleinhandelaars wat hulle deur lae pryse onderskei, het markaandeel gewen ten koste van die middel- tot hoë marksegmente – in ooreenstemming met die tendens in Europa. Ons bestaande posisionering aan die hoë segment van die mark het steeds ons handel in Freedom Australia beïnvloed. Die kleinhandelsafdeling vir beddens het goeie groei getoon. In Nieu-Seeland het die besluit om pryse te verlaag en op die afslagssegment te fokus die gewenste uitwerking gehad, en hierdie afdeling het 'n toename in verkope getoon.

Oos-Europa

Die groep se gesamentlike kleinhandelondernemings in Oos-Europa word steeds negatief geraak deur die stram verbruikersbestedingstoestande wat in hierdie markte heers. Abra, wat onlangs verkry is, het in die maande sedert ons verkryging 'n verbetering in prestasie getoon.

Vervaardiging en verkryging

Verenigde Koninkryk

Die bedvervaardigings-, meubelvervaardigings- en skuimrubberverwerkingsaanlegte het baat gevind by groter verkope deur die bed-kleinhandelskettings, in ooreenstemming met kleinhandelsprestasie in die VK. Hoewel die skuimrubberverwerkingsaanleg verder baat gevind het by 'n toename in die vraag van eksterne verkope (voertuie en nywerheid), bly die meubel- en matrasvervaardigingsaanlegte meer toegespits op groter verkope aan interne en bestaande kliënte.

Europese vasteland

Die groep se handelsafdelings en vervaardigingsaanlegte regoor die Europese Unie en Oos-Europa asook ons Europese logistieke platform het goeie omsetgroei getoon. Soos voorheen na verwys, het die Conforama-verkryging 'n mate van onsekerheid by ons eksterne kliëntebasis vir vervaardigde goedere geskep, en dit het gedurende die ses maande net na die verkryging druk op verkope geplaas. Dit is dus verblydend om te rapporteer dat die onafhanklikheid van ons vervaardigings- en handelsafdelings weer gevestig is, dat die rasionalisering van ons kliëntebasis afgehandel is en dat bestelboeke in die meeste afdelings op hoë vlakke is.

Verder het die verswakking van beide die Poolse zloty en die Hongaarse forint teenoor die euro hierdie afdelings se mededingendheidsposisie verder versterk.

Internasionale verkryging

Die internasionale verkrygingsafdeling bly een van die afdelings in die groep wat die vinnigste groei. Hierdie afdeling het verblydende groei van bestendige gehalte en dienslewering aan sy interne kliëntebasis getoon. Hierdie span is nou uitgebrei en versterk met 'n nuwe afdeling wat vir die koördinering van die Europese voorsieningstruktuur verantwoordelik sal wees. Die nuwe struktuur maak met welslae staat op die gekombineerde vaardighede van die bestaande verkrygingskantoor van Steinhoff en dié van Conforama. Margeverbeterings is reeds oor die hele uiteenlopende produkreeks behaal. Hierdie afdeling sal vir die res van die jaar op die vestiging en toetsing van die nuwe struktuur fokus, waarna bykomende volume in die struktuur toegelaat sal word wat bykomende voordele en margeverhogings behoort te genereer.

Logistieke dienste

Europese vasteland, Verenigde Koninkryk en Stille Oseaan

Ons projek om die logistieke bedrywighede van al ons afdelings regoor Europa en die Stille Oseaan te optimeer en te rasionaliseer, verloop volgens plan. Die groepstrategie en ooreengekome plan om 'n doelmatige en doeltreffende verskaffingsketting in Asië en Europa te skep maak steeds goeie vordering. Gedurende die oorsigtydperk het die gedesentraliseerde aanbodketting in alle lande goed gefunksioneer. Kostebesparings is bewerkstellig, veral ten opsigte van die koste van inkomende verskeping regoor die wêreld.



Gediversifiseerde nywerheid

Bedryfsoorsig: Steinhoff Afrika

Steinhoff Afrika het goeie vordering gemaak om die toekomstige strategiese posisionering van hierdie groep te vestig, deur die verskillende transaksies wat gedurende die ses maande onder beskouing aangekondig is.

Industriële bates

Logistieke dienste: Unitrans

Die oorsigtydperk is afgesluit met bevredigende aktiwiteitsvlakke en 'n baie besige Desember in feitlik al die afdelings. Groter volumes en vraag na brandstof in Gauteng, Botswana, Namibië en Swaziland het tot goeie prestasie in die Brandstof- en Chemiese afdeling bygedra. Die Landbou- en Mynbou-afdeling het sterk volumes oor die grootste deel van ons kliëntebasis gerapporteer en verwagtings oortref. Vrag en Logistiek het stewige inkomste en marges getoon, wat deur hul uiteenlopende kliëntebasis en bedryfsblootstelling ondersteun is. Die Unitrans Passasiersafdeling het groei in sy kontraktuele passasiersvervoerafdelings aangekondig, wat gedeeltelik geneutraliseer is deur 'n verwagte afname in vraag van die toeriste- en pendelafdeling.

Vervaardiging: Hout en grondstowwe

Bevredigende resultate is deur ons houtbedrywigheede aangekondig, ondanks die stram handelsomgewing vir spaanderhout en mediumdigte veselbord. Die huidige marktoestande, insluitend 'n sterk rand (wat invoer stimuleer en uitvoer inhibeer), sal na verwagting in die nabye toekoms voortduur en daarom sal hierdie afdeling op die balansering van bestaande aanlegte se doeltreffendheid met addisionele infrastruktuurverbeterings fokus om beter in die huidige mark te kan meeding. In die res van die grondstowwe-afdeling het die skuimrubber-afdeling en bedkomponent in 'n baie taai en mededingende mark bevredigend presteer.

Industriële assosiaatbelegging: KAP International Holdings Limited ("KAP") (34%)

KAP het wesensverdiensle per aandeel met 22% verhoog danksy sterk vraag in sy industriële ondernemings, veral die PET-harsaanleg Hosaf.

Kleinhandelsassosiaat-belegging: JD Group Limited ("JD Group") (32%)

JD Group het in Junie 2011 'n assosiaatmaatskappy van Steinhoff geword en gevolglik is sy resultate ekwiteitsverantwoord vir die hele oorsigtydperk. Die groep het sy belang in JD Group tot 32% opgestoot. JD Group het gedurende die oorsigtydperk goed gevaar en R196.1m is by die assosiaatverdiensle ten opsigte van hierdie belegging ingesluit.

Finansiële oorsig

Die resultate vir die halfjaar tot 31 Desember 2011 het ses maande se handelsbydrae van Conforama ingesluit. Conforama se resultate was nie by die vergelykende tydperk ingesluit nie, aangesien die verkryging van die onderneming eers op 1 Maart 2011 van krag geword het. Verder sluit die resultate die prestasie van Unitrans Automotive en Steinbuild uit, welke ondernemings nou deel is van JD Group.

Omset

Groepsinkomste vir die tydperk styg met 123% tot R37.6mjd (1H11: R16.9mjd). Groepsomset uit ons voortgesette bedrywighede in Afrika het met 11% tot R5 132m (1H11: R4 616m) toegeneem, terwyl omset in ander geldeenhede as rand, soos gemeet in euro, met 139% tot €3 092m (1H11: €1 295m) gestyg het – hoofsaaklik danksy die eerste konsolidasie van Conforama gedurende die ses maande onder oorsig. Die groep se verslagdoeningsgeldeenheid (rand) het gedurende die tydperk met 11% teenoor die euro verswak. Altesaam 86% van die groep se omset is in ander geldeenhede as Suid-Afrikaanse rand verdien. Groei is in al die segmente ondervind, soos blyk uit die segmentele verslag en in fyner besonderhede toegelig in die bedryfskommentaar in hierdie verslag.

Bedryfswins voor kapitaaliteme

Bedryfswins het met 59% tot R3 699m (1H11: R2 323m) gestyg. Kleinhandelsaktiwiteite: huishoudelike goedere het R1 860m (1H11: R625m) bygedra, wat die bydrae van die Conforama-besigheid weerspieël, asook die margegroei wat in die Europese kleinhandelondernemings ervaar is. Bedryfswins uit vervaardiging en verkrygingsaktiwiteite het met 9% tot R1 172m (1H11: R1 079m) toegeneem en logistieke dienste het R489m tot bedryfswins bygedra. Dit is 16% meer as in die vergelykende tydperk.

Netto finansieringskoste

Netto finansieringskoste het met R144m tot R585m gestyg. Dit weerspieël die styging in absolute skuldvlakke as gevolg van die Conforama-verkryging. Maar, as gevolg van die verhoogde handelsvlakke voorspruitende uit die Conforama-verkryging het rentedekking van 5.3 tot 6.3 keer gestyg.

Belasting

In ooreenstemming met die hoër aktiwiteitsvlakke en die konsolidasie van Conforama vir die eerste maal, het belasting met 51% tot R315m (1H11: R209m) toegeneem. Die groep hou vol dat 'n gemiddelde belastingkoers van 15% 'n genormaliseerde belastingkoers daarstel, met inagneming van die verskillende jurisdiksies waarin ons bedrywig is.

Verdiens te per aandeel (VPA) en wesensverdiens te per aandeel (WVPA)

VPA het met 56% tot 166.3 spa (1H11: 106.4 spa) toegeneem en met 48% gestyg gemeet teen 'n VPA van 112.6 spa met insluiting van beëindigde bedrywighede. WVPA teen 116.5 spa het gestyg met 57% (1H11: 106.1 spa) en is 48% meer as die WVPA wat beëindigde bedrywighede insluit. Hierdie stygings is behaal ondanks 'n toename van 15% in die geweeëde gemiddelde aantal uitgereikte gewone aandele tot 1 658m (1H11: 1 446m). Die bykomende aandele is grootliks toe te skryf aan die aandele-uitgifte vir die gedeeltelike befondsing van die Conforama-verkryging.

Die **gemiddelde omrekeningskoers** het tot R10.5137:€1 van R9.4495:€1 (11% verandering) gestyg vir die ses maande tot 31 Desember 2011.

Bates

Die totale bates van die groep het tot R111.8mjd (FY11: R100.9mjd) toegeneem en dit dui op die groter skaal van die groep na die implementering van die Conforama-verkryging, die belegging in nuwe winkels asook die belegging in die assosiaatmaatskappy JD Group. Die netto batewaarde per aandeel het met 9% toegeneem en beloop 2 249 spa (FJ11: 2 056 spa).

Skuld

Die groep bly goed gekapitaliseer met netto skuld van R20.9mjd op 31 Desember 2011, wat beteken dat die skuld-tot-kapitaal-verhouding afgeneem het tot 45% (FJ11: 46%).

Op 31 Desember 2011 het die groep kontant en kontantekwivalente van R6.2mjd (FJ11: R6.3mjd) gehad, en met bevestigde ongebruikte fasiliteite, is die groep tevrede dat die besigheid goed gekapitaliseer is vir die medium termyn.

Bedryfskapitaal

In ooreenstemming met die hoër aktiwiteitsvlakke, en die handelspitstyd in Europa gedurende Desember en Januarie, het bedryfskapitaal tot R1 416m (1H11: R1 064m) gestyg. Verder het die groep die meubelreeks uit beskikbare voorraad (teenoor bestellings) gedurende die spitsseisoen uitgebrei om verkope op te stoot en doeltreffendheid deur die hele verskaffingsketting te verhoog. Hierdie taktiese bemarkingsveldtog is in Januarie voortgesit om die afleweringsrisiko wat in die vorige jaar weens die verlangsame tydens die Chinese nuwe jaar ondervind is te verlaag. Die groep is steeds oortuig dat die geïntegreerde verskaffingskettingmodel op 'n genormaliseerde grondslag geen invloed op bedryfskapitaal behoort te hê nie.

Die groep verseker die meeste van sy debiteure, asook alle kleinhandelaars waar ons blootgestel is ten opsigte van kleinhandeldeelnemingsbeleggings. Gevolglik het die groep nie gedurende die oorsigtydperk beduidende slegte skuld ondervind nie.

Kontantvloei

Die groep se kontantvloedinamika sal verander teenoor sy historiese prestasie, met die insluiting van die Conforama-besigheid. Vir die verslagtydperk het die groep kontantbydraende Suider-Afrikaanse kleinhandelondernemings verruil vir die nie-kontant-assosiaatverdiens in JD Group. Desondanks het kontantskepping sterk gebly, en kontant wat uit bedrywighede gegeneer is, het R3 136m beloop teenoor 'n bedryfswins van R3 699m. Met inagneming van hierdie prestasie, en die bedrywige handelstydperk in ons Europese ondernemings in Desember en Januarie, is die groep vol vertroue dat die huidige handel sal voortduur met gevolglike sterk kontantvloei vir die res van die jaar.

Kapitaalbesteding

Die groep word aangespoor deur die sukses van sy kleinhandelondernemings in Europa in 'n gefragmenteerde maar konsoliderende mark. Die groep het die afgelope ses maande sewe winkels in Duitsland en twee in Spanje geopen, en nege winkels wat voorheen deur sessiesnemers besit is verkry, wat nou onder die Conforama-vaandel sal handel dryf. Conforama het ook twee Confo Deco-winkels geopen. Hierdie nuwe winkels beslaan 145 351 m² en is verantwoordelik vir die grootste deel van die uitbreidingskapitaal wat gedurende die oorsigtydperk in die groep belê is. Instandhoudingskapitaalbesteding bly in ooreenstemming met die hoër waardeverminderingskoste voortspruitend uit die Conforama-verkryging.

Korporatiewe aktiwiteit

Die groep het die volgende korporatiewe aksies gedurende die oorsigtydperk aangekondig:

- Op 18 Oktober 2011 is aangekondig dat Steinhoff 'n ooreenkoms met KAP gesluit het waarvolgens KAP al Steinhoff se industriële bates sou verkry, welke bates uit PG Bison, Unitrans en sy grondstowwe-ondernemings bestaan ("die KAP-transaksie"). Die KAP-transaksie is op 18 Januarie 2012 deur KAP-aandeelhouers goedgekeur en die enigste uitstaande opskortende voorwaarde is goedkeuring deur die Suid-Afrikaanse mededingingsowerheid. Na implementering sal KAP hersaamgestel word as Steinhoff se afsonderlik genoteerde bedryfsfiliaal, wat 'n groot industriële portefeulje in Suider-Afrika sal besit en bedryf. Steinhoff se aandeelhouing in KAP sal na implementering van die KAP-transaksie styg tot 88% van sy verhoogde uitgereikte aandeelkapitaal, onderhewig aan die bykomende transaksie met betrekking tot JD Group (sien hieronder).
- Op 18 Oktober 2011 is aangekondig dat Steinhoff koopopsies en ondernemings van JD Group-aandeelhouers verkry het om genoeg aandeel in JD Group aan Steinhoff beskikbaar te stel sodat Steinhoff beheer van JD Group kan verkry op die grondslag om 16 KAP-aandeel vir elke JD Group-aandeel te verruil ("die JD-aandeelruiling"). Die JD-aandeelruiling sal by wyse van 'n gedeeltelike aanbod aan alle JD Group-aandeelhouers buiten Steinhoff geïmplementeer word ("die gedeeltelike aanbod"). Volledige besonderhede van die gedeeltelike aanbod is vervat in die omsendbrief van 11 Februarie 2012, wat ook 'n kennisgewing insluit van 'n algemene vergadering wat op 12 Maart 2012 gehou sal word met die oog op goedkeuring van die gedeeltelike aanbod. Indien JD Group-aandeelhouers, by bogemelde algemene jaarvergadering die nodige goedkeuring verleen, sal die oorblywende opskortende voorwaardes vir hierdie transaksie wees dat die KAP-transaksie onvoorwaardelik word, en dat goedkeuring by die Suid-Afrikaanse mededingingsowerheid verkry word om beheer te sien verkry JD Group voortspruitend uit die implementering van die gedeeltelike aanbod. Steinhoff se aandeelhouing in JD Group sal van 32.4% tot 50.1% styg en sy aandeelhouing in KAP sal daal tot 62%.
- Op 15 Desember 2011 is aangekondig dat Steinhoff ooreenkomste aangegaan het vir die verkryging van 'n 20%-belang in PSG Groep Beperk, vir 'n kombinasie van kontant en die uityrk van Steinhoff-aandeel. Die uitgifte van aandeel deur die maatskappy ingevolge afdeling 41 van die Maatskappywet is goedgekeur deur 'n meerderheid van 82% van die totale stemme wat van Steinhoff-aandeelhouers ontvang is ooreenkomstig 'n skriftelike besluit wat op 27 Januarie 2012 gesluit het.

Vooruitsig

Die groep het gedurende die oorsigtydperk die grondslag gelê vir die toekomstige strategiese rigting en posisionering van sy samestellende besighede, wat bestaan uit:

- Steinhoff Europa, 'n geïntegreerde massamark-kleinhandelaar in meubels en huishoudelike goedere, wat hoofsaaklik die afslagsegment bedien.
- Steinhoff Afrika, 'n gediversifiseerde industriële maatskappy wat in die logistieke, geïntegreerde hout- en industriële grondstowwesektore werksaam is en wat ons assosiaatbelegging in KAP insluit, wat by implementering van die KAP-transaksie 'n genoteerde filiaal van Steinhoff sal word.
- Die assosiaatmaatskappy JD Group, 'n opkomendemark-kleinhandelaar in meubels, huishoudelike goedere, motorvoertuie en doen-dit-self-produkte, met die ondersteuning van 'n verbruikers-finansieringsonderneming. By implementering van die gedeeltelike aanbod sal JD Group 'n genoteerde filiaal van Steinhoff word.
- Assosiaat Belegging in PSG Groep, 'n beleggingsbeheermaatskappy wat beleggings hou in 'n verskeidenheid aanvullende bates wat in verskillende ontwikkelingsfasies verkeer.
- 'n Eiendomsportefeulje, wat uit kommersiële, industriële en kleinhandelseiendomsbates bestaan in die gebiede waarin ons handel dryf.

Die direkteure glo dat bogenoemde herposisionering die grondslag vestig en die fokus bied waarvolgens elke afsonderlike bedryfseenheid steeds volhoubare verdienstegroei sal lewer.

Len Konar

Onafhanklike voorsitter

6 Maart 2012

Markus Jooste

Hoof uitvoerende beampte

Uitgesoekte verklarende aantekeninge

Voldoeningsverklaring

Die gekonsolideerde tussentydse finansiële inligting vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die AC 500-standpunte soos uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Praktike en die vertolkings wat deur die Internasionale Raad vir Rekeningkundige Standaarde (IASB) aanvaar is. Hierdie verkorte tussentydse finansiële state is ooreenkomstig IRS 34 – *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* opgestel en moet saamgelees word met die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2011.

Vorbereidingsgrondslag

Die verkorte tussentydse finansiële state word in miljoen Suid-Afrikaanse rand (Rm) op die historiesekostegrondslag opgestel, behalwe sekere bates en laste wat teen geamortiseerde koste getoon word en sekere afgeleide finansiële instrumente, finansiële bates beskikbaar vir verkoop en biologiese bates wat teen hul billike waarde aangegee word.

Rekeningkundige beleid

Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van die verkorte tussentydse finansiële inligting gevolg is, strook met die beleid vir die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2011. Raadpleeg die finansiële jaarstate van 30 Junie 2011 vir 'n volledige lys van standaarde en vertolkings wat aanvaar is. Gedurende die oorsigtydperk het die groep al die IFRS'e en vertolkings aanvaar wat van krag is en as toepaslik vir die groep beskou is. Nie een van hierdie standaarde of vertolkings het 'n wesentliche uitwerking op die resultate gehad nie.

Ander aantekeninge

1. Korporatiewe bestuurstoësig

Steinhoff ondersteun die aanbevelings van die King-verslag oor Korporatiewe Bestuurstoësig en streef daarna om tydige, akkurate, konsekwente en insiggewende verslae aan aandeelhouers te verskaf.

2. Maatskaplike verantwoordelikheid

Die groep bly verbind om op 'n sosiaal verantwoordelike wyse op te tree en is bewus van die behoeftes in die verband.

3. Mensehulpbronne

Opbouende werkverhouding word met ons groepwerknemers en die betrokke vakbonde gehandhaaf. Deurlopende vaardigheds- en diensgelykheidsaktiwiteite verseker voldoening aan huidige wetgewing.

4. Verwanteparty-transaksies

Die maatskappy het verskeie verwanteparty-transaksies aangegaan. Hierdie transaksies is net so gunstig soos dié wat met derde partye gereël word.

5. Verdere gebeure

Geen belangrike gebeurtenisse het in die tydperk tussen die rekenpligtige datum en die datum van hierdie verslag plaasgevind nie.

Aandeelhouers kan meer besonderhede oor die groep se genoteerde beleggings kry in die resultate en/of korporatiewe aankondigings en finansiële inligting van KAP International Holdings Limited (6 Maart 2012) by www.kapinternational.com, JD Group Limited (17 Februarie 2012) by www.jdgroup.co.za en PSG Groep Beperk by www.psggroup.co.za.

Steinhoff Investment Holdings Limited

Registrasienuommer: 1954/001893/06
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
("Steinhoff Investment")
JSE-aandelekode: SHFF ISIN-kode: ZAE000068367

Voorgestelde dividend vir voorkeuraandehouers

Voorkeuraandehouers word na bogenoemde resultate van Steinhoff verwys vir 'n volledige waardering van die gekonsolideerde resultate en finansiële posisie van Steinhoff Investment.

Die direksie het aanbeveel dat 'n dividend van 374 sent per voorkeuraandeel voor of op 3 April 2012 ten opsigte van die tydperk vanaf 1 Julie 2011 tot en met 31 Desember 2011 (die dividendtydperk) verklaar word – betaalbaar op Maandag, 23 April 2012, aan voorkeuraandehouers wat teen kantoorsluiting op Vrydag, 20 April 2012, in die boeke van die maatskappy opgeteken is.

Die dividend sal in die Suid-Afrikaanse geldeenheid betaalbaar wees. Hierdie dividend sal aan Dividendbelasting onderhewig wees.

Beoogde datums:

	2012
Laaste dag vir verhandeling met dividend	Vrydag, 13 April
Aandele verhandel sonder dividend	Maandag, 16 April
Rekorddatum	Vrydag, 20 April
Betaaldatum	Maandag, 23 April

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 16 April 2012, en Vrydag, 20 April 2012, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Dividendbelasting

Ons verwys na vorige kommunikasies oor die instelling van Dividendbelasting.

Dividendbelasting tree op 1 April 2012 in werking en sal van toepassing wees op alle dividende wat op of na daardie datum aan aandehouers verklaar word.

Die huidige bepalinge en voorwaardes van die voorkeuraandele maak nie voorsiening vir 'n aanpassing van die dividendkoers, ten opsigte van die inwerkingtrede van of verandering in Dividendbelasting nie. Die direksie het egter besluit om die voorkeuraandelekoers van 75% aan te pas na 82.5% van die heersende prima bankoortrekkingskoers van Absa Bank Beperk gedurende die dividendtydperk ten opsigte van alle dividende wat na die datum van hierdie kenningsgewig verklaar word.

Namens die direkteure.

Len Konar

Onafhanklike direkteur

6 Maart 2012

Piet Ferreira

Uitvoerende direkteur

Administrasie

Steinhoff International Holdings Limited

Registrasienuommer: 1998/003951/06

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)

("Steinhoff" of "die maatskappy" of "die groep")

JSE-aandelekode: SHF **ISIN-kode:** ZAE000016176

Geregistreerde kantoor: Sesde Straat 28, Wynberg, Sandton 2090,
Republiek van Suid-Afrika **Tel:** +27 (11) 445 3000 **Faks:** +27 (11) 445 3094

Direkteure: D Konar* (voorsitter), MJ Jooste (uitvoerende hoof), SF Booysen*, DC Brink*, YZ Cuba*, CE Daun*,
HJK Ferreira, SJ Grobler, TLJ Guibert†, MT Lategan*, JF Mouton*, FJ Nel, FA Sonn*, BE Steinhoff*,
PDJ van den Bosch†, DM van der Merwe

Alternatiewe direkteure: JNS du Plessis, KJ Grové, A Krüger-Steinhoff*, AB la Grange, M Nel

†Belgies *Frans *Duits *nie-uitvoerend

Maatskappysekretaris: Steinhoff Africa Secretarial Services (Eiendoms) Beperk

Ouditeure: Deloitte & Touche

Borg: PSG Capital (Eiendoms) Beperk

Oordragsekretaris: Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001